



God is Heilig

Jesaja was een van God se groot profete. God het dikwels met Jesaja gepraat. Hy het vir Jesaja opdrag gegee om vir God se volk te gaan sê dat daar eendag 'n wonderlike Redder gaan kom.

Eendag het God in 'n gesig met Jesaja gepraat. 'n Gesig is amper so iets soos 'n droom. In daardie gesig het Jesaja die HERE sien sit op 'n hoë en verhewe troon. Sy kleed se some het die tempel volgemaak. En bo Hom was die *serafs*. Serafs is blinkende hemelse wesens.

Jesaja het gesien dat elke seraf ses vlerke gehad. Met twee vlerke het hy sy gesig bedek, met twee vlerke het hy sy voete toegemaak en twee vlerke het hy gebruik om te vlieg.

Hierdie wonderlike serafs het mekaar toegeroep. Die een het gesê: "*Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van sy heerlijkheid vol.*" Dan antwoord daar 'n ander een: "*Heilig, heilig, heilig!*"

Toe Jesaja die gesig gesien het, was hy *bang*. Die gesig het vir hom gewys dat God *heilig* is.

Wat beteken dit?

Wat beteken dit as die Bybel vir ons vertel dat God heilig is?

Onthou jy die verhaal van Moses – hoe God vir Moses *net 'n klein bietjie* van sy heerlijkheid gewys het, en dat Moses se gesig na die tyd mos geblink het, so helder soos die son? Daardie helderheid was 'n deel van God se heiligheid.

Maar God se heiligheid is *baie groter* as net

blinkende helderheid. God is *rein*. God doen *nooit sonde* nie. God doen altyd *reg*. God is *ene* lig en heerlijkheid. Hy is *ene* goedheid. Niks wat sondig is, kan eers *naby* Hom kom nie – dit sou weggebrand word deur sy Heiligheid.

Ag, ons kan nie eers *dink* wat God se heiligheid alles beteken nie. Die engele en die serafs *sien* dit en hulle prys Hom dag en nag. Hulle sing vir Hom en hulle dien Hom. Die engele is ook heilig. Hulle sondig nie. Maar God is nog *baie heiliger* as die engele. Dit is hoekom die serafs hulle gesigte en voete toegemaak het. Dit is hoekom hulle Hom die HERE van die leërskaare genoem het.

As daar nou niks wat sondig is naby God kan kom nie, hoe kan *ons* dan na Hom toe gaan? As ons daaraan dink hoe sondig ons is, en hoe groot en heilig God is, dan *durf* ons nie eers na Hom toe gaan nie. As ons sou sien hoe heilig Hy is, sou ons nie eens durf om Hom te *aanbid* nie.

Maar God *wil juis graag hê* dat ons na Hom toe kom. O, hoe goed is Hy nie vir ons nie! Hy het vir Jesaja gesê om nie bang te wees nie. En Hy sê ook vir *ons* om nie bang te wees nie. Maar in die Bybel sê Hy ook vir ons dat ons net in die *Naam van Jesus* na Hom kan kom. *Jesus* is heilig. Jy weet mos dat *Jesus ook* God is. Maar Hy het klein kinders in sy arms geneem – klein sondige kinders. Hy wou hulle na God die Vader bring. Ons kan *vandag* ook, in die Naam van *Jesus*, na God gaan, omdat *Jesus gesterf* het om ons sondes weg te neem, om ons *rein* en skoon te maak, sodat selfs ons *heilige* God ons sal toelaat om by Hom te kom.

Gesels hieroor:

1. Hoe kan sondige mense na 'n heilige God gaan?
2. Hoekom bid ons tot God in die Naam van Jesus?

Kom ons leer die lied wat die serafs gesing het:

*Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaie.
Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!*

(Jesaja 6:3)

Wat ons kan lees:

Psalm 99

Wat ons kan sing: (LVK 171)

Heilig, heilig, heilig, Heilig is die Heer.
En'gle in die hemel buig hul voor Hom neer.
Here, hoor my bede, hoor my as ek sing,
En aan U, my Vader, al my hulde bring.

Gebed:

O heilige HERE God, U is so baie groot en vol heerlikheid! As die engele sing en die aarde bewe, dan moet ons U sekerlik ook prys en eer. Ons dank U Vader, dat ons na U toe kan kom in Jesus se Naam, en dat ons nie bang hoef te wees nie. Vergewe asseblief al ons sondes en maak ons ook heilig. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*